**Dinsdag 5 Januarie**

**Skrifgedeelte: Lukas 17:11-19; HK Sondag 1, Vraag 2**
**Fokusgedeelte: Lukas 17:12, 14, 16**

## Ellende, verlossing en dankbaarheid

Hier word gevra wat ’n mens moet weet om in die troos wat in Antwoord 1 genoem is, salig te kan lewe en sterwe. Dit gaan dus oor ’n bepaalde kennis wat ’n mens moet hê. In antwoord op die vraag word drie sake genoem wat terselfdertyd die indeling van die Kategismus is, naamlik:

- my *sonde* en *ellende* en *oorsaak* van my behoefte aan troos;
- my *verlossing* as *middel* tot *verkryging* van troos;
- my *dankbaarheid* as *wyse* waarop die troos *beleef* moet word.

Hierdie drie sake word telkens aangetref in verskillende gebeurtenisse wat in die Skrif aan ons voorgehou word. Een daarvan is Jesus se genesing van die tien melaatse mans. Die *ellende* van hierdie mans was, uiterlik geoordeel, dat hulle melaats was. Hulle ellende lê egter nog dieper, want siekte is ’n gevolg van die sonde en die sonde beteken ’n breuk met God. Dit is die eintlike nood van hierdie mans en trouens van alle mense: ons het almal deur die sonde van God vervreem geraak.

In hulle nood roep hierdie mans na Jesus en smeek Hom om hulp. Jesus ontferm Hom oor hulle en skenk hulle genesing: op pad na die priesters toe word hulle gesond. So het Christus vir hulle verlossing bewerk. Hierdie tydelike verlossing wys egter heen na die ewige verlossing van sonde wat Christus aan die kruis bewerk het vir almal wat in Hom glo.

Nou kon ’n mens verwag dat al tien mans só vervul sou wees met *dankbaarheid* vir hulle verlossing dat hulle Christus spontaan sou dank en eer. Tog doen net een dit. En as Christus dan aan hom sê: “Jou geloof het jou gered,” is dit duidelik dat sy dankbaarheid ’n openbaring van sy geloof in Christus as Verlosser is en dat hy nie net van sy melaatsheid verlos is nie, maar ook van sy sonde.

Dit is belangrik om te besef dat hierdie drie sake – ellende, verlossing en dankbaarheid – wel van mekaar onderskei mag word, maar nooit van mekaar geskei mag word nie. Al drie moet elke dag in die lewe van die Christen voorkom. Al drie moet volgens die nagmaalsformulier deel van die voorbereiding vir die nagmaal vorm. So sal ons die ware troos kry om salig te lewe en te sterwe.